



IMMUNITY+

Bewys op plase in Suid-Afrika

68% vermindering in mastitis

TAKE CONTROL

THE WORLD, OUR PRIORITIES AND MARKETS ARE CHANGING.

Semex's solutions give you the power to control what matters. Immunity+® sires give you the power to breed healthier calves and eliminate disease in your herd today.

Take Control Now With Immunity+® Sires

Dit maak nie saak waar in die wêreld jy boer nie. As melkprodurente genetika kies op grond van die dier se immunitet, sal hulle meer gesonde en produktiewe kuddes hê.

Hierdie bestuursfilosofie was 'n belangrike dryfveer in Semex se besluit 20 jaar gelede om te begin werk aan 'n navorsingsprojek wat uiteindelik gelei het tot die ontwikkeling van Immunity+ siektebestande genetika.

"Ons sukses wys dat die mark en die omgewing nie regtig saak maak nie," sê dr. Steven Larmer, bestuurder van Semex se genomiese program. "Wat Immunity+ betref, sien ons dieselfde soort resultate by melkerye regoor die wêreld."

GOEDEHOOP PLAAS, MALMESBURY

Immunity+ maak deesdae 'n wêreldwye impak. Op die plaas Goedehoop by Malmesbury

ervaar die eienaar, Nina Slabber, en die kuddebestuurder, Cobus Lamprecht, dié impak in hul kudde van 570 koeie. In hierdie omgewing is warm somers stresvol vir koeie, maar die wintermaande bring koeler, natter toestande mee, sê Slabber. Koeie word in oop krale gehuisves en stap twee keer per dag na die stal om gemelk te word. Hulle word by voerbakke gevoer en kry 'n aan-vullende rantsoen op die draaitafel.

68% MINDER MASTITISGEVALLE

Goedehoop Farm gebruik al vyf jaar lank Immunity+ bulle in die kudde en 'n on-langse navorsingsproef illustreer die wesentlike impak van hierdie bulle, sê Larmer. Die studie vergelyk die prestasie van koeie wat deur Immunity+ bulle geteel is met koeie wat deur ander bulle geteel is. "Ons kyk na diere wat dieselfde omgewingsomstandighede het, dus dieselfde

Tabel 1

1ste-3e laktasielaktee	Mastitis	Hard-nekkige mastitis	Aborsie	Onaktiewe eierstokke	Onvolledige uterus-involusie	Totale siektevoorkoms (koeie)	Diarree (verse)
Immunity+ gedekte diere	231	231	231	231	231	231	389
Ander diere	269	269	269	269	269	269	117
Alle diere	500	500	500	500	500	500	506
Geaffekteerde Immunity+ gedektes	29%	2%	4%	21%	20%	76%	12%
Ander geaffekteerde diere	90%	6%	9%	37%	30%	172%	11%
Alle geaffekteerde diere	62%	4%	6%	29%	25%	126%	12%
Immunity+ gedek vs Nie-Immunity+ gedek	-68%	-64%	-54%	-44%	-33%	-55%	6%
Immunity+ gedek vs alle diere	-54%	-48%	-39%	-29%	-21%	-40%	1%

blootstelling. Die enigste verskil is hul genetiese vermoë om weerstand teen siektes te bied en die sterke van hul im-muunstelsel wat slegs op hul genetika gebaseer is," verduidelik Larmer.

Sien Tabel een.

Immunity+ genetika verminder siektegevalle tipies met 30%; maar op Goedehoop Farm is daar onder die diere wat deur 'n Immunity+ bul geteel is 68% minder mastitisgevalle as onder diere wat deur 'n ander bul geteel is. "Die sterk afname in mastitisgevalle by die Immunity+ diere was vir my 'n groot verrassing," sê Slabber.

MINDER ANTIBIOTIKA EN VERHOOGDE WINSTE

Slabber is ook van mening dat gesonder Immunity+ diere boere help om te vol-doen aan verbruikers se eis om minder antibiotika te gebruik en melkerye so-doende meer winsgewend te maak. "Dit is 'n instrument wat gebruik kan word in 'n tyd waarin ons moet wegbeweeg van die gebruik van antibiotika," sê sy. "Minder siek diere beteken minder individuele koeibestuur. 'n Mens se tyd kan dus bestee word aan ander dinge wat geld kan verdien of bespaar."

Dr. Larmer merk ook op hoe die Immunity+ diere in die Goedehoop-kudde baie minder vrugbaarheidsprobleme ervaar, insluitende 54% minder aborsies as diere wat nie Immunity+ is nie. "n Gesonder dier gaan al die normale biologiese pro-sesse beter hanteer, en daarom verwag ons dat daar minder gevalle van onvrugbaarheid of vrugbaarheidsprobleme in die Immunity+ diere sal wees in ver-gelyking met die res van die kudde," sê hy.

Op grond van wat sy waargeneem het, glo Slabber dat Immunity+ 'n groot in-vloed sal hê op hoe sy en Lamprecht die plaas Goedehoop bestuur. "Baie mo-derne tegnologieë fokus op die vroeë identifisering van siek diere. Miskien moet ons ook daarop fokus om beter aangepaste diere te teel," sê sy.

VRUGBAARHEIDSIMPAK IN KWAZULU-NATAL

By Semex is ons sedert die bekendstelling van Immunity+ opgewonde oor die waarde wat meer robuuste immuunstelsels vir plase in Suid-Afrika kan toevoeg. Verbruikers en supermarketne oefen voortdurend druk op boere uit om minder anti-biotika en hormone in die voedselproduksieproses te gebruik. Dit is nie 'n

THE ANTIBIOTIC ALTERNATIVE



Learn more at www.semex.com/immunity
and www.semex.com/elevate

Antibiotics are used to treat, not solve, herd health problems. And, they're putting you under increased scrutiny. Now, crushing disease is not only possible, it's natural! 20 years ago, we began working on a genetic solution and Immunity+® was born. Combine Immunity+® sires with our female genomic test, Elevate®, and you'll be crushing disease by increasing your herd's immunity with genetics.



SEmen CODE	NAME	MILK	CFP	UDC	STATURE
0200H011535	RICHMOND-FD MONTANA	1712 lbs	96 lbs	+1.76	+0.54
0200H011144	PROGENESIS FROSTBITE	959 lbs	111 lbs	+1.59	+0.63
0200H011079	PROGENESIS MISSION	770 lbs	117 lbs	+0.95	+0.56
0200H011458	OCD SHERPA	739 lbs	87 lbs	+1.60	+0.40
0200H011633	PROGENESIS KAYAK	658 lbs	109 lbs	+2.16	+0.58
0200H010411	CLAYNOOK DEALMAKER	556 lbs	55 lbs	+2.43	+0.40
SEmen CODE	NAME	MILK	CFP	JUI	DPR
0200JE01203	JX CROSSWIND VITUS {4}	569 lbs	88 lbs	9.0	+0.2
0200JE01140	AHLEM WHISTLER	536 lbs	34 lbs	16.3	+0.1

SOURCE: CDCB-G & HAUS-G/04-20

Semex South Africa (Pty) Ltd
CELL: 082 5666 975, TEL: 021 013 0225
EMAIL: info@semex.co.za, www.semex.com



Tabel 2

Beskrywing:	PLAAS A		PLAAS B		PLAAS C	
	Imm+	Nie-Imm+	Imm+	Nie-Imm+	Imm+	Nie-Imm+
Aantal koeie	550	379	173	482	140	305
Oop dae verbetering	8.9 (6.9%)		14 (10.8%)		6 (5.4%)	
Strooitjies per konsepsie verbetering	0.15		0.25		0.19	
Konsepsiekoers verbetering	5.79%		15.47%		10.98%	

probleem vir die meeste boere nie, omdat ons almal verkieks om minder siek diere te behandel.

Op die linië van 'n bul is ons met soveel eienskappe gebombardeer dat dit oorweldigend kan wees om te kies in watter rigting om in te beweeg. Toe Immunity+ vir die eerste keer vrygestel is, was baie boere skepties en het gedink dat dit net nog 'n strategie vir bemarking is.

Semex publiseer data van plase regoor die wêreld wat die positiewe impak van Immunity+ toon. Daar is verskeie kuddes in Suid-Afrika wat vroeg 'n Immunity+ -strategie aangeneem het, en ons sien nou die bewys daarvan op eie bodem.

Ons het die data van drie kuddes in KwaZulu-Natal in hierdie studie ontleed. Ons het die vrugbaarheidsgegewens bestudeer om te sien of daar 'n verskil was in vrugbaarheidsprestasie tussen koeie wat met Immunity+ bulle geteel is, in verge-lyking met koeie wat deur ander bulle geteel is. As ons suggereer dat gesonder koeie beter reproduksieprestasie behoort te lewer, is ons geïnteresseerd om dié data te ontleed.

Sien Tabel 2.

VERBETERING VAN DAE OOP EN KONSEPSIE

Al drie KwaZulu-Natal-melkerye het 'n beduidende verbetering in konsepsiekoers en

strooitjies per konsepsie van tussen 5,8% en 10,98% getoon.

Die algehele vermindering in "dae oop" tussen die Immunity+ koeie en die ander koeie was ook aansienlik: 'n verbetering van tussen 5,4% en 10,8% is gevind.

Teen 'n gemiddelde koste van tussen R55,00 en R75,00 per dag oop per koei, is dit 'n aansienlike besparing op 'n groot kudde. Op 1 000 koeie is dit 'n besparing van tussen R55,000 en R75,000 per dag oop per jaar. Op hierdie drie plase kan hul jaarlikse besparing tussen R330 en R1 050 per koei per jaar beloop.

Semex het 'n wye verskeidenheid Immunity+ bulle wat boere in staat stel om 'n teelstrategie vir Immunity+ te implementeer sonder om genetiese meriete in te boet. Gesels met u plaaslike Semex Suid-Afrika verteenwoordiger oor hoe u vandag beheer kan neem.

KONTAKBESONDERHEDE:

MATTHEW COOKE
082 5666 975
mcooke@semex.co.za
www.semex.co.za